

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 50**

**15 Desember 2024**

## Bewaar jou denke – bewaar jou lewe

**"Verder broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit." (Fil 4:8 AFR 53)**

**'n Mens word wat jy dink**

**Die mens wat voortdurend ongeduldige gedagtes koester tydens druk verkeer, sal uiteindelik 'n ongeduldige mens word. Die persoon wat gedurig die skrikaanjaende onstuimighede van die lewe bedink, sal 'n swartgallige en neurotiese mens word. Negatiewe denkpatrone lewer negatiewe emosies van pessimisme, woede en angs op. Hierdie emosies belaai op hul beurt weer die liggaam met verskeie siektes en swakheid. Baie mense word gevangenes van verkeerde denkpatrone, en beleef intense worsteling om daaruit te ontsnap. Tog is dit moontlik en belangrik om jou denkpatrone te verander.**

**Besluit**

**Maak 'n doelbewuste besluit jou denkpatrone te verander. Besluit om 'n positiewe denker te word.**

**Sif jou gedagtes**

**Jy besef nou dat nie alle gedagtes goed is vir jou nie. Kies wat jy gaan dink, en hoe jy in jou gedagtewêreld gaan reageer op alles wat om jou gebeur. Nou het jy beheer geneem oor jou gedagtes, en jy pas selfbeheersing toe. God gee jou die vermoë deur Sy Gees se krag wat in jou werk. (sien 2 Tim 1:7). Benut dit.**

**Praat met jouself**

**Jou brein en onderbewussyn luister na wat jy met jou mond uitspreek. Praat met jouself. Bestraf negatiewe gedagtes en maak positiewe bevestigings teenoor jouself (Ps 42:6).**

**Lees die Bybel**

**Die inhoud van die Bybel beskik oor groot transformasiekrag. Dit is deur God geïnspireer, en bring voortdurende lewe in die siel van die leser (sien Heb 4:12)**

**Weerstaan die bose**

**Onthou dat die bose 'n geestelike oorlog teen die kinders van God voer en veral daarop gemik is om die denkwêreld te belemmer met twyfewl, vrees en wanhoop. Benut die outoriteit wat Christus jou gegee het om hierdie aanslae op jou denke suksesvol teen te staan (Jak 4:7).**

**Bid altyddeur**

**Die bidder verskuif sy denke vanaf die aardse na die hemelse. Dit bring momentum in die siel – wat op 'n ander manier begin dink en opbouende, gesonde, vredevolle denkpatrone vestig (Fil 4:6-7).** **Rudi Briel**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir almal wat op die paaie gaan wees tydens die valansie.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Adri Botha
- Stefaans du Plessis
- Nettie Badenhorst
- Carin Wilsenach
- Tannie Charmaine Venter

Danie Theron
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Anna Chandler
Marlie Holtzhausen
Jaap Naudé
Elma Swart
Adri Carstens
Rina du Plessis
Jurie Matthee
Michelle Cowley
Hannah Bylsma

**Gedagte vir die week**

**Neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak!**
**2 Kor 10:5**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org